Toneel

Hierdie program is onderhewig aan verandering.

Toneel: Komiese drama
Naam van produksie: Nagskofkliek
Met Albert Pretorius en Carel Nel
Teks: Retief Scholtz
Regie en stel: Etienne Fourie
Tegniese regisseur: Lize van Rooyen
Gradering: Geen o/13 OB
Tydsduur: 70 minute
Datum en tyd: Wo 26 Jun 10:00; Do 27 Jun 16:00; Vr 28 Jun 09:00; Sa 29 Jun 14:00
Venue: Laeveld Laerskool
Prys: R142
Debuut

Hans Gouws – in sy dertigs, 'n veiligheidswag – spandeer sy agtste Paasnaweek in 'n ry aan diens by *We Crate You Up Storage Solutions*. Alleen. Alleen pla nie vir Hans nie - sê hy altyd. Terwyl Hans gemaklik met die winkelpop in die hoek gesels, voel dit vir Hans asof hy alles reeds uitge-*figure* het. Hy het sy keuses gemaak en vrede gemaak daarmee. Hy is, volgens hom, gelukkig en tevrede. Niks pla vir Hans nie en niemand pla vir hom nie.

Dan – sonder waarskuwing – verskyn Man.

Wat presies Man daar doen (en waarom hy nie wil weggaan nie) weet Hans nie – nóg nie. Al wat hy weet, is dat Man antwoorde soek en hy gaan nêrens tot hy dit gekry het nie.

Nagskofkliek probeer verstaan hoe dit moet wees om 'n koppie tee te drink saam met die weergawe van jouself wat jy nog altyd gedink het jy wil wees en wat gebeur as jy nie meer vir jouself kan jok nie.

Hierdie is Innibos se vlagskipproduksie wat jy nie mag misloop nie. Uit die pen van Fiëstawenner Retief Scholtz.

Naam van produksie: Be(t)roudag
MetFrancois Jacobs, Adriaan van As, Mila Guy e.a.
Teks: Retief Scholtz en Etienne Fourie
Konsep: Adriaan van As en Francois Jacobs
Regisseur: André Odendaal
Vervaardiger: Rubberarm Produksies
Gradering: Geen 0/14 (T G)
Datum en tyd: Di 25 Jun 10:00; Wo 26 Jun 17:00; Do 27 Jun 09:00; Vr 28 Jun 16:00; Sa 29 Jun 10:00 en 15:00
Venue: Christie's at 32 on Russell
Tydsduur: 120 minute
Prys: R142
Debuut
'n Innibosproduksie ondersteun deur die Hiemstra Trust en Christie's at 32 on Russell

Daar's 'n troue in Nelspruit en jy's genooi! Dis 'n geleentheid uit 'n troutydskrif, maar soos dit met enige troue gaan, is daar êrens 'n *paw-paw* wat gereed is om die *fan te strike*. Die verskil met dié troue is dat dit nie lank vat voor verskeie papaja's gelyktydig die waaier tref nie.

Wat hierdie produksie so uniek maak, is dat die gehoor kan kies uit verskillende verhaallyne en dus self kies hoe die toneelstuk verloop. Wat jy hoor sal waarskynlik nie dieselfde wees as die persoon langs jou nie.

Be(t)roudag is avontuurlustig. Dis georganiseerde chaos, dis wat gesê word tussen die lyne en wat borrel onder die oppervlak. Dis wat jy hoor as iemand dink daar is niemand wat luister nie. Dis argumente en 'n gekonkel. Dis 'n familietroue in die Laeveld. En elkeen het genoeg rede om die sneller trek.

Be(t)roudag is 'n komedie wat speels tussen die absurde en die donkerkant van die lewe sy sitplek kry.

Be(t)roudag is 'n komedie wat speels balanseer tussen die absurde en die donker kant van die lewe. Pure avontuur wat teen die spoed van die heilige wit koedoe kliphard teen 'n muur gaan vashardloop!

Toneel: Komiese drama
Naam van produksie: Die sjokoladeshow
Met Lizz Meiring, Jak de Priester en Werner Ferreira
Teks: Verskeie skrywers saamgestel deur Riana Scheepers
Regisseur: Henrietta Gryffenberg
Klankontwerp: Werner Ferreira
Verhoogbestuurder: Ilke König
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Di 25 Jun 18:00; Wo 26 Jun 09:00; Do 27 Jun 14:00; Vr 28 Jun 19:00; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 90 minute
Prys: R14
Debuut
'n Innibos-produksie
Die Sjokoladeshow

Wie van ons het nié ’n heilige, of onheilige bittersoet verbintenis met sjokolade nie? Joanne Harris, skrywer van *Chocolat* het gesê: “Happiness. Simple as a glass of chocolate or tortuous as the heart. Bitter. Sweet. Alive.” Iemand het selfs gesê: “As daar nie sjokolade in die hemel is nie, dan gáán ek nie!”

Die Sjokoladeshow is ’n sensoriese fees van daardie donker, soete verleiding. In samewerking met Riana Scheepers is ’n uitnodiging aan plaaslike skrywers gerig om verhale met sjokolade as tema in te stuur. Uit meer as 150 inskrywings deur sowel as gevestigde en minder bekende skrywers, is ’n keur van tekste verwerk in ’n produksie wat die gehoor op reis sal neem deur al die soet én bitter aspekte van sjokolade.

In ’n ongewone, opwindende kombinasie snoer twee van ons land se gewildste kunstenaars kragte saam: die onblusbare Lizz Meiring en liedjieboer Jak de Priester. Jak hou vir die eerste keer sy lyf akteur, maar verwag wel ’n liedjie of twee oor verlange, die liefde en natuurlik sjokolade.

Die Sjokoladeshow beloof ’n liplekkerfees waar sjokolade-bedekte verleiding, liefde, wraak, verslawing, moord en komedie aan die gehoor voorgesit sal word. Kom span al jou sintuie in: proe, luister en beléef!

Toneel: Drama
Naam van produksie: My Seuns
Met Sandra Prinsloo, Louw Venter, Sandi Schultz, Edwin van der Walt, Buhle Ngaba en Donovan Pietersen
Musiek: Leslie Javan
Ontwerp: Wilhelm Disbergen
Regisseur en skrywer: Christo Davids
Tegniese regisseur: Mariska Meyer
Gradering: Geen o/14 (T)
Datum en tyd: Di 25 Jun 18:00; Wo 26 Jun 12:00; Do 27 Jun 14:00; Vr 28 Jun 12:00
Venue: Mbombela Stadsteater
Tydsduur: 90 minute
Prys: R152
’n NATi / Feesteforumproduksie vervaardig deur Aardklop.

Ouma se verjaarsdagpartytjie stuur heel moontlik op ’n familie-oorlog af. Pa wag om te hoor of hy as regter aangestel word. Maar gaan die huidige bedeling hom oorsien? Die seuns sit duidelik nie langs dieselfde vuur nie. Miskien is albei verlief op dieselfde meisie of lê hulle verskille veel dieper? En wat presies het destyds tydens die bevrydingstyd gebeur? Weet Ma meer as wat sy voorgee? En by wie lê haar lojaliteit? ’n Eg Suid-Afrikaanse verhaal met al die kompleksiteite van vandag: die familiedramas, verwyte en vrae. Geïnspireer deur Arthur Miller se *All my sons*. Tydens Aardklop word *My Seuns* ses-malig bekroon vir onder meer beste regisseur, teks en produksie.

Toneel: Drama
Naam van produksie: Katvoet
Met Marius Weyers, Marion Holm, Tinarie van Wyk-Loots, Albert Pretorius, Martelize Kolver, Laudo Liebenberg, Geon Nel e.a.
Skrywer: Tennessee Williams
Verwerking en regie: Nico Scheepers
Stelontwerp: Rocco Pool
Beligtingsontwerp: Wolf Britz
Tegniese regisseur: Lize van Rooyen
Gradering: Geen o/16 (T)
Datum en tyd: Di 25 Jun 10:00; Wo 26 Jun 19:00; Do 27 Jun 09:00; Vr 28 Jun 18:00; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Mbombela Stadsteater
Tydsduur: 120 minute
Prys R152
’n NATi / Feesteforumproduksie ondersteun deur Woordfees.

Die klassieke Pulitzerprys-drama *Cat on a Hot Tin Roof* kry hier nuwe lewe in ’n vars verwerking. Nico Scheepers het die toneel verskuif na ’n wildsplaas in die Limpopo-bosveld. Dis hier waar die Mouton-gesin bymekaarkom vir hulle patriarg se 65ste verjaarsdag. Boela, die oudste seun, drink homself dood om die spoke agter sy oë stil te maak en Maggie, sy eensame katvoet-vrou, doen alles in haar vermoë om die liefde te oorleef. Watter familiedramas wag nog om uitgepluis te word?

Toneel: Stand-up komedie
Naam van produksie: Schalkie en Cassie hou konsert!
Met Schalk Bezuidenhout en Casper de Vries
Regie: Schalk Bezuidenhout en Casper de Vries
Gradering: Geen o/14
Datum en tyd: Sa 29 Jun 15:00
Venue: Emnotweni Arena
Tydsduur: 70 minute
Prys: R142
Debuut

Die een is ’n lewende legende en die “godfather” van Afrikaanse stand-up komedie. Die ander is die opwindendste jong stem in Suid-Afrikaanse stand-up. Schalk Bezuidenhout en Casper de Vries hou nou saam konsert. Verwag 'n kragtoer (of is dit ’n lagtoer?) van die twee karnallies op hulle beste. Hoewel Schalk slegs 27 jaar oud is, is hy al vir byna twee dekades ’n groot aanhanger van Casper se komedie. As 9-jarige het Schalk se ma hom “skelm” na vertonings van Casper geneem. In 2016 het Schalk vir die eerste keer die verhoog gedeel met Casper en Hannes Brümmer in die vertoning 3-in-1.Kom ervaar nou hierdie twee puik komediante in ’n splinternuwe produksie met elkeen se beste materiaal – apart en saam op die verhoog – en skreeusnaakse interaksie met die gehoor. En wie weet, dalk selfs ’n gasverskyning... enige iets is moontlik wanneer hierdie twee lagmakers die verhoog betree. Schalkie en Cassie hou konsert en jy is genooi!

Genre: Drama
Name of production: Eight O’Clock
With Tsietse Matlakala, Sfiso Madwe, Moses Muyela
Script: Tsietse Matlakala, Sfiso Madwe
Director: Bafana Dladla
Grading: All ages
Date and time: Fr 28 Jun 14:00
Duration: 70 minutes
Venue: Laeveld Laerskool
Price: R82

Hlophe is a normal working man - a bricklayer by trade. He is completely in love with his wife, Selina, and has a strong fatherly love for his child, Puna. He loved his wife so much he took out a loan from his employer, mr. Mzimande, to build her a house. Sadly, Selina passed away and Buccaneer had no money to bury her. Out of desperation he decided to steal cement for the house and rather use the money he loaned for the funeral. Now he is trapped and he has to do the unthinkable or face the man that he fears the most.

Toneel: Komedie
Naam van produksie: Aaptwak
Met Hannes Brümmer e.a.
Teks: Chris Vorster
Regie: Pierre van Pletzen
Gradering: Geen o/14 (T)
Datum en tyd: Wo 26 Jun 10:00; Do 27 Jun 16:00; Vr 28 Jun 09:00; Sa 29 Jun 14:00
Venue: Lowveld High
Tydsduur: 80 minute
Prys: R142

’n Klug sonder owerspel, maar wél met kaal boude en ’n Babelse verwarring. Basies iets soos *The Gang That Couldn’t Shoot Straight* ontmoet *Breaking Bad in Booysens* op ’n mistige blou Maandag in Julie.

Toneel: Klug
Naam van produksie: Koekeloer
Met Gavin van den Berg, Ben Pienaar, Erna Jo, Émil Haarhoff, Juanita de Villiers Velts, Tiaan Slabbert.
Teks: Braam van der Vyver
Regie: Lihan Pretorius
Assistent-regisseur: Johan van der Merwe
Stel- en klankontwerp: Rudi Sadler
Beligtingsontwerp: Émil Haarhoff
Verhooogbestuurder: Ilke König
Gradering: Geen o/12
Datum en tyd: Wo 26 Jun 19:00; Do 27 Jun 09:00; Vr 28 Jun 14:00; Sa 29 Jun 12:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 150 minute (20 minute pouse ingesluit)
Prys: R142
Theatrerocket, die vervaardiger wat met *Die reuk van appels* en *DEURnis* verskeie kykNET Fiësta-toekennings ingepalm het, is terug met nog ’n treffer. *Koekeloer* is ’n splinternuwe, eg Suid-Afrikaanse klug uit die pen van Nagtegaalwenner, Braam van

der Vyver, wat beloof om ’n onvergeetlike skaterlag-ervaring te wees.

Dié komedie speel af in ’n woonstel in Stellenbosch tydens die finale rondte van die Koekedoor-kompetisie. Die twee finaliste, Marie Coleské, ’n oujongnooi van Koekenaap, en Marié Kok, ’n *lingerie*-model van Ruimsig, moet sake in die finaal uitspook en mekaar uitoorlê met hulle vernuftige (en by tye agterbakse) bak-en-brou-planne.

Voeg daarby ’n onbeholpe klouterdief en privaatspeurder, ’n jaloerse bokskampioen, ’n stuitige *lingerie*-ontwerper, ’n statige predikant, ’n omstrede boek en ’n onderstebokoek, en jy het die ideale resep vir elke moontlike vermaaklike misverstand!

Veteraan-akteur Gavin van den Berg, wat in die 80’s bekendheid verwerf het as Jacques Rynhard in die TV-reeks *Ballade vir ’n Enkeling*, vertolk die rol van Ds. Vilonel (Voëltjie) de Groot – ’n man wat vinnig sy statigheid verloor wanneer hy met die fyner kant van sekere kledingstukkies te doen kry. Voor jy kan sê ‘mes’, is die spreekwoordelike koeël reeds deur die koek.

Wie gaan die wenner van die kompetisie wees? Wie gaan kop verloor en watter jakkals gaan van kle(u)re verander? Wie nie koekeloer nie, gaan niks sien nie!

Toneel: Musikale komedie
Naam van produksie: Keelvol
Met Je-ani Swiegelaar en Germandt Geldenhuys
Teks en regie: Je-ani Swiegelaar en Germandt Gendenhuys
Gradering: Gesin OB
Datum en tyd: Do 27 Jun 18:00; Vr 28 Jun 09:00; Sa 29 Jun 14:00
Venue: St Peters School
Tydsduur: 75 minute
Prys: R132

Dirk Havenga is die nuwe sang- en musiekonderwyser op die dorp. Hy het ’n terugslag as musikant beleef in die stad en probeer nou sy heil vind op die platteland. Hy is metodies, passievol oor musiek en kruip weg agter ’n gordyn van sarkasme en harde werk. Mariette Labuschagne werk in ’n boekwinkel op dieselfde dorp. Sy droom haar hele lewe lank van ’n loopbaan op die verhoog. Al wat sy wil doen, is sing en *perform*. Sy is spontaan, lewenslustig, altyd gereed met ’n grappie of ’n storie. Mariette is reg vir haar eerste sangles. Is Dirk? Hierdie kombinasie kan ’n resep vir ’n ramp wees of dalk net wat hulle al twee nodig het. Germandt Geldenhuys (beter bekend as Louis Koster in die gewilde kykNET sepie Binnelanders) en Je-ani Swiegelaar (beter bekend as Suster Naomi Ferreira in Binnelanders) maak vir die eerste keer saam hulle verskyning op die verhoog in hierdie bittersoet komedie. Die produksie beloof om die gehoor se ore, lagspiere, traankliere en harte aan te raak. Kom wees deel van hierde unieke teaterervaring waar storie, musiek, stemme en drome saamgeweef word en kom vind uit hoe belangrik dit is om jou eie stem te vind in ’n wêreld wat jou soms wil stilmaak.

Toneel: Komedie
Naam van produksie: Groet die Grotman 2
Met Wynand van Vollenstee
Teks: Frans Swart
Regisseur: Frans Swart
Gradering: Geen o/13 (Taal)
Datum en tyd: Do 27 Jun 15:00; Vr 28 Jun 13:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 120 minute
Prys: R132

Dit is 20 jaar later. Grotman en Elize is steeds baie gelukkig getroud … of is hulle? Die kinders is tieners. Mans en vrouens verskil steeds en is eintlik van verskillende planete. Is alle mans steeds beheervrate / buffels / trolle / varke? Is alle vrouens steeds gaarders? Meneer en mevrou, kom herken jouself in GROET DIE GROTMAN 2 en kom skaterlag vir jouself. Meneer, jy gaan beslis die kans kry om vir jou vrou vinger te wys. En Mevrou, jy gaan beslis die geleentheid hê om manlief in die ribbes te pomp. Hierdie produksie is die ideale tonikum vir enige huwelik, met Wynand van Vollenstee as die skreeusnaakse GROTMAN!

Toneel: Klug / Komedie
Naam van produksie: My vrou se man se mannetjie

Met Cobus Venter, Edrien Erasmus, Johan Joubert, Marissa Claasen, Paul Lückhoff en Rowlen von Gericke
Teks: Ray Cooney en John Chapman
Regisseur: Frans Swart
Assistent regisseur: Gustav van Rooyen
Gradering: Geen o/13
Datum en tyd: Wo 26 Jun 19:00; Do 27 Jun 10:00; Vr 28 Jun 17:00; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Lowveld High
Tydsduur: 135 minute (pouse ingesluit)
Prys: R152

Isak en Linda se huwelik is op 'n sewentien-jaar-jeuk. Linda voel dat sy meer uit die lewe wil hê ... veral meer opwinding. Isak aan die anderkant, is heel gelukkig met sy saai lewe - hy het 'n suksesvolle kunsblommebesigheid en wy sy hele bestaan daaraan. Linda voel egter dis tyd om te skei en arme Isak is in die diepste donkerte. Voeg egter daarby 'n seniele oupa Arnoldus, inmengerige bure, Herman en Bettie en 'n sestienjarige, jeukerige seun, Chris, en jy het 'n totale resep vir chaotiese lekkerlag!

Toneel: Komiese drama
Naam van produksie: Die voordele van eierwit
Met Marion Holm en Margit Meyer-Rödenbeck
Teks: Retief Scholtz
Regisseur: Tara Notcutt
Tegniese regisseur: Mariska Meyer
Gradering: Geen o/10
Datum en tyd: Wo 26 Jun 09:00; Do 27 Jun 19:00; Vr 28 Jun 09:00; Sa 29 Jun 14:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 75 minute
Prys: R132

Moontlik gemaak deur: NATi, LW Hiemstra Trust, ClemenGold, KWV en Tygervalley Centre

Suid-Afrikaanse families ken van praat. Maar ons praat nie sommer oor dit wat regtig pla nie. Dan breek 'n hysbak en kort voor lank is die tyd van bo-oor mekaar heen en verby mekaar praat verby. Kom beleef wat twee uiteenlopende susters in 'n gebreekte hysbak êrens in Bellville uiteindelik vir mekaar te sê het. En ja, kry ook 'n paar wenke oor die voordele van eierwit.
Aktrises Marion Holm en Margit Meyer Rödenbeck was laas in 2002 saam te sien in die produksie, *Jong Dames Dinamiet*. Nou, 17 jaar later, is die twee ou hande terug. Die wag was die moeite werd!

Toneel: Tragi-komedie
Naam van produksie: Non met vakansie
Met Lizz Meiring en Wynand van Vollenstee
Teks: Lizz Meiring
Regie: Gert van Niekerk
Tegniese regisseur: Yvette Hanekom
Gradering: Geen o/14
Datum en tyd: Wo 26 Jun 14:00; Do 27 Jun 19:00; Vr 28 Jun 09:00; Sa 29 Jun 17:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 70 minute
Prys: R132

Anna het op 18 as 'n Afrikaanse, Protestantse middelklasmeisie geroepe gevoel om 'n non te word. As suster Magdalene het sy as bibliotekaris, argivaris en geskiedkundige navorser gewerk. Nou, in haar 40 plus jare is sy ontnugter. Was 'n lewe van opoffering die moeite werd? Het sy die regte besluit geneem of het sy die ware lewe misgeloop? Sy wil haar kop skoonkry tydens 'n vakansie en vertel 'n leuen oor 'n fiktiewe familiekrisis. Sy vat die pad na 'n eiland aan die Portugese kus. Daar ontmoet sy vir Drikus, 'n Afrikaanse man in sy vroeë dertigs wat wou wegvlug van die rotresies, sy gebroke huwelik en nou 'n geluksalige lewe leef as grapmaker en partytjiedier wat nie die lewe te ernstig opneem nie. Hy hou permanent vakansie: geen stres, geen probleme. Net die see en die branders. Tot die non met vakansie opdaag. Hierdie ontmoeting lei tot vars, slim humor: van warm, vermaaklike gesprekke tot vurige argumente. Niks is werklik soos dit voorkom nie. Verwag 'n paar wendings en verrassings wat jou asem sal wegslaan. Moenie hierdie boeiende produksie misloop nie.

Toneel: Komedie
Naam van produksie: Die road trip
Met Waldemar Schultz en Brendon Daniels
Teks: Ferdinand Bekker

Regisseur: Gaerin Hauptfleisch
Gradering: Geen o/12 (Taal)
Datum en tyd: Wo 26 Jun 19:00; Vr 28 Jun 19:00; Sa 29 Jun 10:00
Venue: St Peters School
Tydsduur: 70 min
Prys: R132

Jaco en Belarus (ja, dis inderdaad sy naam!) is op die pad. Die plan is ’n *roadtrip* van suid na noord om bietjie weg te kom van alles. Wederhelftes, kinders, troeteldiere en werk is agtergelaat om soos ouds die vryheid van die oop pad te geniet sonder verpligtinge, sorge en skuldgevoelens. Alles is egter nie maklik nie, want die lewe is nie meer so eenvoudig soos 20 jaar gelede nie. Dinge rafel vinnig uit as die twee hulle verdwene jeug probeer herwin met skreeusnaakse gevolge. Geheime word ontbloot en daar wag ’n verassing in die kattebak as die teëspoed hulle in die middel van nêrens tref. Hierdie kombinasie van die *buddy*- en *roadmovie*-genres bekyk op ’n komiese manier wat gebeur as twee mans vasgevang word in ’n situasie waar hulle gedwing word om oor alles te praat - elke man se ergste nagmerrie. Met dié twee bekroonde akteurs beloof hierdie ’n produksie van topgehalte te wees.

Toneel: Drama
Naam van produksie: Sê groete vir ma
Met Hannes van Wyk
Teks: Desire Gardner
Regie: Sandra Prinsloo
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 26 Jun 18:00; Do 27 Jun 10:00; Vr 28 Jun 19:00; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 60 minute
Prys: R132

Vir die eerste keer in baie jare betree Hannes van Wyk weer die verhoog met hierdie splinternuwe eenmanstuk. Die drama ondersoek die band tussen ’n ma en haar kind, hulle lewensreis saam, die pyn en onvermydelikheid van oudword en hoe ons soms ons grootste foute kan verdedig, omdat dit uit liefde gedoen is.
Dit vertel die storie van Regard se vormingsjare – ’n sensitiewe kind wat op ’n plaas grootword en die dinge van manwees en manword op die harde manier moet leer.
Dit is ’n storie vir elke lid van die gesin en beloof om te sorg vir humor, maar ook lag met ’n traan. Elkeen wat ’n ma het, gehad het of sélf ’n ma is, moet hierdie langverwagte teaterstuk sien.
Dis ’n knop-in-die-keel, tong-in-die-kies kykie na die dinge waarmee die meeste mense hul kan vereenselwig, en uiteindelik die een ding wat ons almal bind: die bleddie getik-tok van die klok wat niemand die aardigheid van oudword spaar nie.

Toneel: Drama
Naam van produksie: Haal asem
Met Ira Blanckenberg
Teks: Ira Blanckenberg
Regie: Marí Borstlap
Gradering: Geen o/14 (T)
Datum en tyd: Wo 26 Jun 14:00; Vr 28 Jun 14:00
Venue: St Peters School
Tydsduur: 55 minute
Prys: R132

Augustus 2013 gly en val die 14-jarige Kieran van ’n krans in Hermanus na sy dood. ’n Oomblik waartydens alles verander. Hierdie is ’n eenvroutoneelstuk waarin Kieran se ma, Ira Blanckenberg poog om sin te maak van haar onbegryplike verlies. Van die eerste oomblik ná Kieran se dood begin Ira op stukkies papier skribbel en vul daarna dagboek op dagboek, alles in ’n poging om te besin…en ook om Kieran se laaste woorde aan haar: “Haal Asem” te eer. ’n Dapper ware verhaal oor verlies, rou en die siel se onvermydelike reis.

Toneel: Komedie
Naam van produksie: Donkie
Met Frank Opperman
Teks: Dana Snyman
Regie: Gerrit Schoonhoven
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 26 Jun 18:00; Do 27 Jun 10:00; Vr 28 Jun 19:00; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Laeveld Laerskool
Tydsduur: 55 min
Prys: R132

Kom ontmoet mnr. Barry Swart, 58-jarige hoof van die Hoërskool Hans Oosthuizen, ’n voormalige model C-skool. “Donkie” is die bynaam wat almal vir die skoolhoof gebruik.
Mnr. Swart is ’n man onder druk. Daar was ’n berig in ’n Sondagkoerant oor hoe die eens trotse Hoërskool Hans Oosthuizen besig is om agteruit te gaan. Die leerlinge se akademiese prestasie is nie na wense nie en die eerste rugbyspan het vyf wedstryde agtereenvolgens verloor.
Daar is ook ernstige probleme met die leerders se dissipline en boonop was daar ’n “voorval” in een van die klasse.
Ook lyk dit of Afrikaans dalk een van die dae nie meer die onderrigtaal by die skool sal wees nie. Die Beheerliggaam sowel as sommige ouers en onderwysers eis mnr. Swart se kop.
Mnr. Swart oorweeg om te bedank, maar dan, een Maandagoggend tydens saalopening, besluit hy om sy kant van die saak te stel…